# "AAN DE GROBBELAARSRIVIER" — 'N GREEP UIT DIE VESTIGINGSGESKIEDENIS VAN OUDTSHOORN TOT 1848

**Dr. A. Appel**
*Vakkomitee Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth*

Dit is oorbekend dat die binnelandse verspreiding van die veeboere gedurende die 18de eeu geen grootskaalse dorpstigting in die Kaapkolonie tot gevolg gehad het nie. Trouens, in hierdie tydperk is slegs Swellendam (1745) en Graaff-Reinet (1786) as volwaardige dorpe, wat ook die hoofsetels van die onderskeie landdroshowe was, gestig.

## AANVANKLIKE VESTIGING

Tog het na gelang van die besondere geografiese, tipografiese en klimatologiese omstandighede mettertyd mindere of meerdere vestiging in bepaalde streke voorgekom. Weliswaar het die heersende 18de-eeuse grondbesettingstelsel in wisselwerking met genoemde faktore 'n hoë graad van mobiliteit in die hand gewerk. Dit blyk duidelik uit 'n ontleding van die besonderhede van 214 leningsplase wat gedurende 1740 tot 1791 in die gebied oos van Kogmanskloof en wes van Langkloof uitgereik is.[1] Daarvolgens is 54% van dié plase vir slegs van een tot vyf jaar bewoon, terwyl net meer as 'n kwart van al die toegestane plase vir langer as tien jaar bewoon of gebruik is.

Enkele voorbeelde van laasgenoemde toon egter duidelik aan dat daar reeds vóór die einde van die 18de eeu 'n klein groepie werklik gevestigde boere in die omgewing van die huidige Oudtshoorn was (kyk tabel 1).

TABEL 1

| Ordonnansie-houer | Plaas | Tydperk[2] | Bron |
|---|---|---|---|
| P. du Preez | Voorbedagt (Kango) | 1759 – 1774 | R.L.R. 15, p.207 |
| J. Strydom | Kruisrivier (Kango) | 1759 – (1778) | R.L.R. 15, p.175 |
| H. Steyn | Kombuis | 1760 – 1786 | R.L.R. 16, pp.72 – 73 |
| C. Grobbelaar | Cango aan Doringrivier | 1760 – (1792) | R.L.R. 16, p.47 |
| G. Scheepers | Rietfontein (Kammanassie) | 1762 – 1784 | R.L.R. 16, p.295 |
| S. Scheepers | Kruisrivier (Olifantsrivier) | 1763 – 1780 | R.L.R. 18, p.9 |
| C. Schut (R. Campher) | Hazenjacht | 1763 – 1786 | R.L.R. 18, p.58 |
| O. Olivier | Armoed | 1765 – (1791) | R.L.R. 18, p.349 |
| O. Heyns | Groot-Doring-rivier | 1766 – (1792) | R.L.R. 19, p.126 |
| J. Nortje | Rooiheuwel | 1769 – (1790) | R.L.R. 20, p.172 |

Dit moet dus aanvaar word dat hierdie vroeë bewoners grootliks die grondslag help lê het van die boerdery-ontwikkeling in die onderhawige distrik wat teen die eeuwending reeds by plaaslike omstandighede aangepas was.

## VAN PIONIERSBOERDERYE NA AKKERBOU

Uit 'n ontleding van hierdie pioniersboerderye[3] blyk dit dat daar met verloop van tyd in die hoofsaaklik veegeoriënteerde 18de-eeuse boerderypraktyk 'n groter verskeidenheid ingetree het. Reeds gedurende die eerste dekade van die 19de eeu was gemengde boerdery oor groot dele van die huidige distrik Oudtshoorn gevestig. Hierin het naas vee ook koring- en garsverbouing, die maak van wyn en brandewyn en die kweek van tabak asook 'n verskeidenheid van sagte vrugte 'n prominente rol gespeel. Dit was veral die gunstige besproeiingsomstandighede asook die besonder hoë vrugbaarheidspotensiaal van die grond wat 'n sterk prikkel vir juis die ontwikkelende akkerbou was.[4]

Hierdie differensiasie in die ekonomiese lewe van die distrik het die toenemende bevolking ekonomies, en dus ook wat algemeen maatskaplike omstandighede betref, minder kwesbaar gemaak deurdat die afhanklikheid van 'n eensoortige produk gaandeweg verdwyn het. Namate markgeleenthede in die naburige distrikte (soos George en Mosselbaai) ontwikkel het, sou die ekonomiese betekenis van hierdie ontwikkelende gemengde boerdery spoedig begryp en benut word.

## BEVOLKING EN ADMINISTRASIE

Die stigting van die landdrosdistrik George in April 1811[5] het die hele huidige distrik Oudtshoorn binne die administratiewe en juridiese gesagsfeer van dié nuwe

1. *Aan die hand van die Oude Wildschutte Boeke (R.L.R.) vir die* betrokke jare in die Kaapse Argiefbewaarplek.
2. 'n Jaartal tussen hakies beteken dat die plaas minstens tot daardie jaar bewoon is. Verdere inligting ontbreek.
3. Vir vollediger besonderhede kyk A. APPEL, *Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu — 'n sosio-historiese studie* (D.Phil., U.P.E., 1980), pp.73 – 89.
4. N.C. TAIT, *'n Geografiese studie van die noordelike hange van die Outeniekwaberge in die Oudtshoorn omgewing* (M.A., U.S., 1967), p.157; J.W. MOMBERG, *'n Regionale studie van die distrik Calitzdorp* (M.A., U.S., 1948), pp.12 – 14, 22.
5. *Cape Town Gazette and African Advertiser*, 27.4.1811 (Proklamasie, gedateer 23.4.1811).

plaaslike bestuurskollege gebring. Sedert die begin van pioniersvestiging in die gebied tussen die Lange- en Swartberge ongeveer 60 jaar tevore was dit die naaste wat dié inwoners nog ooit aan 'n administratiewe hoofsetel was, aangesien hulle tot op daardie tydstip onder dié landdrosdistrik van Swellendam geressorteer het — drie tot vier dagreise per ossewa daarvandaan.

Teen die tweede dekade van die 19de eeu het die toenemende bevolking langs die Olifantsrivier en in die valleie van die takriviere 'n groter behoefte aan plaaslike administratiewe en veral geregtelike toesig geskep. Uit die onderstaande gegewens[6] blyk dat hierdie bevolking gedurende die tweede en derde dekade van genoemde eeu nie slegs numeriek toegeneem het nie, maar dat dit ook, soos elders in die suidelike dele van die Kolonie, uit verskillende groepe bestaan het (kyk tabel 2).

in die Kango gewoon het, kan aanvaar word dàt die Hottentotte in dié streek in groot mate aan die ekonomiese aktiwiteite van die Blanke gekoppel geraak het.

Teen die middel van die twintigerjare van die 19de eeu het die Hottentot die slaaf grootliks as arbeider vervang, aangesien laasgenoemde in die betrokke vyf veldkornetskappe slegs 18% van die agterbergse bevolking uitgemaak het.

Die groeiende bevolking waarin dan ook uiteenlopende en botsende belange verteenwoordig was, het mettertyd 'n behoefte aan groter plaaslike regspraak geskep. Die reëling van arbeidsverhoudinge tussen Blanke werkgewer en Hottentotwerknemer kragtens die proklamasie van 1809 het vanweë afstand na die drosdy op George eersgenoemde in groot "ongemak en beroeps Verzuim" geplaas. Ook die talle administratiewe maatreëls

**TABEL 2**

| | Attakwas-kloof | | Voor-Olifants-rivier | | Bo-Olifants-rivier | | Kango | | Voor-Langkloof | | Totaal | | % | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1816 | 1824 | 1816 | 1824 | 1816 | 1824 | 1816 | 1824 | 1816 | 1824 | 1816 | 1824 | 1816 | 1824 |
| Mans | 93 | 100 | 80 | 104 | 77 | 84 | 72 | 89 | 69 | 52 | 391 | 429 | | |
| Vroue | 63 | 80 | 58 | 70 | 62 | 63 | 56 | 66 | 49 | 42 | 288 | 321 | | |
| Seuns | 95 | 130 | 85 | 111 | 91 | 90 | 76 | 122 | 66 | 58 | 413 | 511 | | |
| Dogters | 89 | 119 | 90 | 117 | 99 | 108 | 75 | 110 | 80 | 63 | 433 | 517 | | |
| Totaal | 340 | 429 | 313 | 402 | 329 | 345 | 279 | 387 | 264 | 215 | 1 525 | 1 778 | 41,5 | 43,7 |
| Hottentotte in diens | 291 | 288 | 272 | 290 | 274 | 277 | 258 | 395 | 383 | 276 | 1 478 | 1 526 | 40,2 | 37,5 |
| Slawe | 121 | 177 | 143 | 142 | 47 | 67 | 206 | 240 | 159 | 138 | 676 | 764 | 18,3 | 18,8 |
| Totaal | 752 | 894 | 728 | 834 | 650 | 689 | 743 | 1 022 | 806 | 629 | 3 679 | 4 068 | 100 | 100 |

Hieruit val dit op dat teen 1824 die tweede grootste konsentrasie van Blankes in die veldkornetskap Voor-Olifantsrivier aangetref is. Van die totale Blanke bevolking in die vyf "agterbergse" veldkornetskappe[7] het dit 22,6% gevorm. Juis in hierdie wyk sou die nuwe dorpie Oudtshoorn op die oewers van die Grobbelaarsrivier gedurende 1848 uitgelê word.

Binne die hele landdrosdistrik het die agterbergse Blankes teen 1824 'n betekenisvolle komponent, te wete 60%, van die totale Blanke bevolking gevorm. In hierdie opsig het hulle gevolglik toenemende aanspraak op administratiewe, geregtelike, kerklike en opvoedkundige aandag gemaak.


'n Moontlike aanduiding dat die agterbergse streek besig was om van 'n pioniersfase na 'n toestand van groter gevestigdheid, en gevolglik bestendiger maatskaplike omstandighede, te ontwikkel, was die neiging tot 'n meer gelyke balans tussen die twee geslagte. Teen 1824 het die getal volwasse Blanke mans slegs 56,9% van die totale volwasse Blanke bevolking van die streek uitgemaak, terwyl die manlike bevolking teen 1811 in die hele distrik George nog 59,3% was.

Voorts is dit uit die tabel duidelik dat aan die begin van die 19de eeu die ontstamde Hottentot in die onderhawige streek, soos ook elders in die Kaapkolonie, in groot mate die ekonomiese huishouding van die Blanke binnegedring het. Teen die middel van die twintigerjare het hulle as arbeiders minstens 37% van die totale bevolking gevorm, terwyl ongeveer 'n kwart van alle Hottentotwerkers in die vrugbare Kangogebied aangetref is. As verder in gedagte gehou word dat op hierdie tydstip ongeveer 22% van alle Blankes in die agterbergse gebied

met betrekking tot die koloniale slawebevolking wat sedert 1816 met pynlike noukeurigheid nagekom moes word, het die agterbergse Blankes telkens gedwing om òf die pen moeisaam op te neem, òf om die ewe moeitevolle tog na George aan te pak.

Tog het die Kaapse owerheid redelik onsimpatiek teenoor hierdie behoeftes gestaan. Gedurende 1824 byvoorbeeld het die landdros en heemrade van George opdragte vir die veldkornette opgestel waarkragtens laasgenoemde die mag bekom het om kleiner oortredinge van die slawe en Hottentotarbeiders te ondersoek en dienooreenkomstig strafmaatreëls toe te pas. Die regeringskantoor in Kaapstad was egter nie van mening dat "the evil which must result from the measure suggested will be compensated by any countervailing good . . ."[8] Teen die veertigerjare van die 19de eeu was gevolglik nog net twee vrederegters aangestel, te wete Ludolph Niepoth (jr.) en John O'Connell, onderskeidelik in Bo-Olifantsrivier en langs die Grobbelaarsrivier. Ofskoon hierdie aanstellings die mees drukkende omstandighede op die gebied van die regspraak enigsins verlig het, het sodanige elementêre regspleging geensins in die eintelike behoeftes van die groeiende agterbergse bevolking voorsien nie. Die owerheid is gevolglik mettertyd gedwing om sy gesag in al sy aspekte plaaslik te vestig.

6. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KA), J.96 en J. 104 Opgaafrolle George, 1816 en 1824 onderskeidelik. Vergelykbare statistiek vir die dertiger- en veertigerjare ontbreek.
7. Te wete Attakwaskloof, Voor-Olifantsrivier, Bo-Olifantsrivier, Kango en Voor-Langkloof.
8. KA, C.O. 4850 General Letter Book: Brink — Van der Riet, 20.5.1824, p.177.




Oudtshoorn: ligging.

## VROEË KERKLIKE BEDIENING EN ONDERWYS

Teen die veertigerjare van die 19de eeu het die verspreide bevolkingsgroepe tussen die Outeniekwa- en Swartberge ook op kerklike en opvoedkundige gebied groter en meer gereelde versorging begin eis. Weliswaar het die skepping van die landdrosdistrik George ook met die stigting van 'n nuwe gemeente aldaar, met ds. T.J. Herold as eerste leraar, gepaard gegaan.[9] Hierdie leraar het feitlik onmiddellik sy pastorale werk ook tot die lidmate noord van die berg uitgebrei ten spyte van die feit dat die pad daarheen en die verkeersweë tussen die onderskeie veldkornetskappe in 'n hopelose toestand was. Selfs die voltooiing van die Cradockpas teen 1816 het die probleem geensins opgelos nie. Reeds in 1831 het landdros Van der Riet van George dié pad geïnspekteer en bevind dat dit 'n "complete bar" vir alle handelsbedrywighede was. Ook by die gewone reisiger het Cradockpas geen gunstige reputasie gehad nie. Dit is bestempel as "the most formidably bad, if not of all roads I ever saw"[10], 'n "stupendous mountain"[11] en "dangerous and very bad".[12]

Ten spyte van hierdie struikelblok het die leraar van George sy agterbergse lidmate tot die laat dertigerjare minstens een keer per jaar besoek.[13] Sodoende is deur middel van "huisbezoeking", Woordverkondiging, die bediening van die Sakramente en aanneming tot lidmate die bande met die georganiseerde kerk verstewig. Voorts het dit daardie onderlinge bindkragte in die agterbergse gemeenskap begin voorsien wat 'n noodsaaklike voorvereiste vir latere gemeentelike ontwikkelinge in eie midde sou wees.

Maar op onderwysgebied het die toestande veel meer te wense oorgelaat. Met die stigting van die landdrosdistrik George is geen spesiale voorsiening vir opvoedingsgeleenthede vir die jeug gemaak nie. In die buitewyke was dit nog net die private skoolmeester wat 'n uiters basiese onderrig verskaf het. Daar is geen getuienis bekend dat die agterbergse inwoners van die sogenaamde kosterskole wat gedurende 1812 op elke gemeentedorp gestig is, gebruik gemaak het nie. Trouens, die toestand van die paaie, die finansiële verpligtinge verbonde aan losiesgeriewe asook die voortdurende gebrek aan plaasarbeid het selfs die mees welmenende inwoners noord van die Outeniekwaberge eerder private skoolmeesters, "hoe gebrekkig ook denzelven mochten zyn", laat verkies. Hulle het immers by die huisgesin ingewoon waardeur die probleem van vervoer opgelos is. Daarbenewens kon die koste van hulle dienste ook beter bestry word en kon die kinders nog steeds met die nodige plaaswerk help.[14]

Oor hierdie eerste pioniers van die opvoeding in die huidige distrik Oudtshoorn is weinig bekend. Van Oktober 1771 af tot Desember 1773 het Nicolaas Venis, 'n "bosschiter", aan Jacobus Scheepers se kinders in die Kango onderwys gegee.[15] Gedurende die twintigerjare van die volgende eeu het Frans Jamneck vir etlike jare in die Olifantsrivieromgewing skoolgehou, terwyl teen Julie 1834 ene Rohleder, 'n Pruis, as skoolmeester op Pieter Marcus se plaas in Bo-Olifantsrivier gewoon het.[16]

Teen die middel van die twintigerjare was daar in die hele distrik George, volgens landdros Van der Riet, 24 privaatskole wat deur 110 kinders bygewoon is. Daarenteen was die getal "uneducated" kinders onder 14 jaar soos volg: 1 142 Christene (Blankes), 930 Hottentotte en 577 slawe.[17] Hierdie statistiek kan eerder te laag as te hoog wees. Volgens die amptelike opgaafrol van 1824 was daar in die vyf agterbergse veldkornetskappe alleen 1 028 Blanke seuns en dogters.[18] Hoe dit ook al sy, die behoefte aan doeltreffende onderwysgeleenthede veral vir die "buitenlieden" se kinders was opvallend. Eers in Desember 1847 het Thomas Harris die eerste staatsondersteunde "Farmers' School" langs die Grobbelaarsrivier begin.[19]

## GEMENGDE BOERDERYE EN TOGRY

Reeds teen 1816 was die grondslag van gemengde boerdery onteenseglik gevestig, soos uit statistiek vir die vyf veldkornetskappe Kango, Attakwaskloof, Voor- en Bo-Olifantsrivier en Voor-Langkloof blyk:[20]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wa- en ryperde | 578 | Mud geoes: | |
| Aanteelperde | 1 101 | Koring | 4 342 |
| Trekosse | 4 578 | Gars | 2 018 |
| Aanteelbeeste | 11 532 | Hawer | 3 |
| Hamels | 336 | Aantal wingerdstokke | 646 700 |
| Aanteelskape | 21 096 | Leggers gemaak: | |
| Bokke | 10 591 | Wyn | 136 |
| Varke | 138 | Brandewyn | 78 |

Hierby moet ook nog gevoeg word daardie produkte wat nie in die amptelike opgaafrol voorkom nie, en waarvan tabak asook 'n verskeidenheid van sagte vrugte die belangrikste was.

Aangesien hierdie gemengde boerderye min of meer eweredig oor die hele gebied tussen die Outeniekwa- en Swartberge versprei was, het die behoefte aan afsetgebiede reeds vroeg in die 19de eeu ontstaan. Hieruit het teen die dertigerjare 'n uitgebreide en ekonomies hoogs betekenisvolle togrystelsel ontwikkel.

Ten spyte van die periodieke onbegaanbaarheid van die Cradockpas en Attakwaskloof het 'n noemenswaardige handelsverkeer tussen die inwoners noord en suid van die Outeniekwaberge bestaan. So byvoorbeeld

9. KA, C.O. 4832 General Letter Book: Bird — Herold, 20.5.1812, p.89.
10. C.J.F. BUNBURY, *Journal of a residence at the Cape of Good Hope* (faksimilee herdruk, Negro University Press, New York, 1969), p.176.
11. KA, Microfilm of Documents of London Missionary Society ZL 1/3/13 Letters received, South Africa, Box 16, Folder 1, Jacket A.: Mellvill — Foreign Secretary, 1.3.1838.
12. F. KRAUS, *Travel journal* (gered. deur O.H. Spohr, Kaapstad, 1973), p.35.
13. In die gemeente-argief van George (N.G.K.-Argiefbewaarplek, Kaapstad) kan talle besonderhede oor hierdie wyksbesoeke in die volgende stukke gevind word: 4/1 Lidmateregister, 1813—1827; 9/1—2 Kasboek, 1813—1856.
14. Die tydgenootlike argumente waarom die bestaande skoolstelsel misluk het en voorstelle om dit te verbeter, word breedvoerig behandel in C.O. 2581 Letters received from Drosdy George: Van Kervel — Cradock, 5.6.1812, en C.O. 2587 Letters received from Drosdy George: Skoolkommissie — Bybel- en Skoolkommissie, Kaapstad, 10.9.1813. (Al hierdie dokumente berus in die KA).
15. J. HOGE, *Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu* (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, jg. XII, reeks B, afl. 1, Julie 1934, p.37).
16. KA, 1/GEO 10/1 Letters despatched by Landdrost and Civil Commissioner: Van der Riet — Plasket, 10.3.1826; C.O. 2748 Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate Uitenhage and George: Van der Riet — Brink, 10.7.1834, no. 94.
17. KA, C.O. 2661 Letters received from Drosdy George: Van der Riet — Bird, 20.2.1824, no. 18.
18. Vergelyk tabel 2 met bevolkingsgetalle.
19. KA, C.O. 5103 Letter Book, Ecclesiastical and Schools: Montagu — Harris, 23.3.1848, p.153.
20. KA, J.96 Opgaafrolle George, 1816.



*Die eerste kerkgebou langs die Grobbelaarsrivier, opgerig gedurende 1838–1839.*

FOTO: I.J. FERREIRA, C.P. NEL MUSEUM, OUDTSHOORN

het gedurende die tydperk April tot Oktober 1837 altesaam 430 waens, 3 210 stuks groot- en 7 130 stuks kleinvee oor eersgenoemde pas gegaan.[21]

Daar was ook gevestigde handelskontake met Kaapstad,[22] maar die omvang daarvan is onseker. Dit moet aanvaar word dat die toestand van Attakwaskloof en Caledonkloof (deur die dwarsberge weerskante van die Gamkarivier) ontwrigtend op die handelsverkeer ingewerk het.

In die lig van hierdie belemmeringe vir togritte na die suide en weste het daar reeds sedert die eerste dekade van die 19de eeu handelskontakte met die ontwikkelende markte in die oostelike en noordelike distrikte ontstaan. Toenemende dorpstigting in laasgenoemde streke, andersoortige boerderyprodukte oos van Langkloof en noord van die Swartberge asook die meer begaanbare wapaaie deur Langkloof en oor die Suurberg het kommunikasie grootliks begunstig. Sodoende het akkerbouprodukte uit die omgewing van die huidige Oudtshoorn mettertyd algemene en dikwels gesogte artikels geword op die dorpsmarkte (en in die distrikte) van onder meer Grahamstad, Uitenhage, Graaff-Reinet, Colesberg, Beaufort(-Wes) en in die Zwartebergwyk (die teenswoordige Prins Albert).[23]

Teen die laat-dertigerjare van die 19de eeu het die aanvanklike bestaansekonomie in die streek onder bespreking dus finaal in 'n markekonomie oorgegaan. Sodoende is die grondslag vir verdere sosiaal-ekonomiese ontwikkeling gelê en het die streek bepaald sy vestigingsfase betree. Gevolglik het die behoefte aan plaaslike geriewe mettertyd momentum verkry.

## EERSTE PLAASLIKE KERKGEBOU


Die toenemende bevolkingsametrekkinge langs die Olifants- en Grobbelaarsrivier en elders in die aangrensende gebiede, tesame met die uiters gebrekkige verkeersweg oor die Outeniekwaberge, was blykbaar die sterkste bydraende faktore vir die oprigting van die eerste kerkgebou op die oostelike oewer van die Grobbelaarsrivier. Op aandrang van talle inwoners uit die veldkornetskappe Voor- en Bo-Olifantsrivier, Kango en Attakwaskloof is Cornelis P. Rademeyer (Jac. seun) oorreed om gedurende 1838 vyf morge (sowat 4,3 ha) van sy plaas Hartebeesrivier vir hierdie doel beskikbaar te stel.[24] Die terrein was net noord van die samevloeiing van genoemde twee riviere geleë, dit wil sê in die omgewing waar die Langenhovenwegbrug tans oor die treinspoor gaan.


Op Sondag 3 November 1839 is die nuwe kerkgebou ingewy. In die hele landstreek tussen die Swart- en Outeniekwaberge was dit die eerste sodanige aanbiddingsplek. Sodoende het die agterbergse lidmate tasbare gestalte aan hul religieuse behoeftes gegee. Vir die daaropvolgende 40 jaar sou dit die middelpunt van hulle gemeentelike lewe vorm. Hierdie permanente en ruimer vergaderplek het dadelik tot gereelder pastorale bediening gelei deurdat ds. J.S.S. Ballot van George reeds sedert Januarie 1840 minstens twee keer per jaar daar eredienste gehou en die Sakramente bedien het. Mettertyd is ook lidmate aangeneem en huweliksbevestigings waargeneem.[25]

## DORPSTIGTING

Dat die oprigting van die kerkgebou nie slegs in die behoeftes van 'n buitewyk moes voorsien nie, is duidelik. Reeds gedurende Julie 1840 het siviele kommissaris Egbergtus Bergh van George namens die betrokke inwoners die plasing van 'n predikant langs die Grobbelaarsrivier versoek, en dit self sterk aanbeveel.[26] Dit was egter tevergeefs; eers sewentien jaar later sou die eerste leraar van die nuwe gemeente Oudtshoorn hom daar vestig.

21. KA, 1/GEO 9/28 Letters received from Private Individuals: Raubenheimer — Morris, 25.5.1845.
22. Vergelyk byvoorbeeld *South African Almanack and Directory, 1830*, p.236; KA, C.O. 3988 Memorials received, M-O: A.M. Meyer (e.a.), 12.8.1836, no. 3.
23. Vir 'n volledige bespreking en ontleding hiervan kyk A. APPEL, *op. cit.*, pp.162–168.
24. N.G.K.-Argiefbewaarplek, Kaapstad, George-gemeente, 1/3: Notule van die Kerkraad, 26.12.1838.
25. Die Kasboeke en Lidmateregister van die gemeente George verstrek talle besonderhede hieroor.
26. KA, C.O. 2794 Letters received from C.C. and R.M. Uitenhage and George: Bergh — Bell, 25.7.1840, no. 62.





*Afskrif van die oorspronklike dorpsplan van Oudtshoorn, 1847.*
PLAN IN BESIT VAN DIE KANTOOR VAN DIE LANDMETER-GENERAAL, KAAPSTAD

Die bestaan van 'n gemeentelike vergaderplek het blykbaar daartoe bygedra dat sommige inwoners hulle mettertyd permanent in die omgewing daarvan gevestig het. In April 1845 het siviele kommissaris Morris van George juis die groeiende bevolking as 'n argument gebruik om aan te beveel dat 'n residentmagistraat langs die Olifantsrivier geplaas word.[27] Die "veele ongeregeldheden" — 'n natuurlike uitvloeisel van die digter bevolkingsgroei rondom die gemeentelike vergaderplek — het steeds strenger eise aan die handhawing van wet en orde gestel.

'n Verskeidenheid maatskaplike faktore teen die laat veertigerjare het dus kennelik die druk op C.P. Rademeyer verhoog om sy plaas Hartebeesrivier vir die uitleg van 'n dorp beskikbaar te stel. Gedurende September 1847, na aanleiding van die "frequently urged wishes of my neighbours", het hy uiteindelik toestemming van die Kaapse regering gevra om tot dorpstigting oor te gaan.[28] In dieselfde skrywe het Rademeyer ook die rede

27. KA, 1/GEO 10/12 Letters despatched by the Civil Commissioner: Morris — Montagu, 25.4.1845, p.129.
28. KA, C.O. 4034 Memorials received, M-R: C.P. Rademeyer, 8.9,1847, no. 117.

verstrek waarom hy die naam *Oudtshoorn* vir die beoogde dorpie gekies het: "It is also in consonance with the general wishes of the Inhabitants of the Vicinity — as well as from my own personal regard for Mrs Bergh, wife of the late civil commissioner of George, and a near relative of a former Governor of the Colony that I am desirous of giving the Village her family name ..."

Geesje Ernestina Johanna Bergh (1799—1868) was die sestiende kind van Willem Ferdinand van Rheede van Oudtshoorn (1855—1882), seun van baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn. Laasgenoemde was sekundus aan die Kaap (1760—1766) en met goewerneur Tulbagh se dood in 1771 is hy as Tulbagh se opvolger aangewys. Hy sterf egter in Januarie 1773 aan boord van die skip *Asia* onderweg na die Kaap.[29] Mevrou Bergh se man, Egbergtus, was van ongeveer 1836 tot 1842 siviele kommissaris van George.

Reeds op 12 Augustus 1847 is in die *Government Gazette* bekendgemaak dat 'n groot aantal water- en droë erwe op 15 November van daardie jaar by Hartebeesrivier deur J.C. Brewis opgeveil sou word. Intussen het landmeter John Ford van George met die opmeting van die erwe begin en dit op 'n kaart vasgelê. Ongelukkig het hierdie oorspronklike dorpsplan verlore geraak maar 'n afskrif daarvan, waarop die oorspronklike erfnommers deurgehaal en met die huidige nommers vervang is, bestaan nog.[30]

Voorts is verkoopsvoorwaardes vir die erwe opgestel.[31] Uit die opskrif hiervan blyk dat 'n tweede veiling op 14 Februarie 1848 beoog is, maar hieroor is geen besonderhede bekend nie. In die verkoopsvoorwaardes is enkele algemene maatreëls bepaal ten einde openbare orde te skep. Uiteraard was die reëling van wateraangeleenthede baie belangrik. So is bepaal dat elke erfbesitter of -bewoner $^1/_{500}$-deel van die water in die Grobbelaarsrivier sou kon gebruik, terwyl bepaalde voorkeurregte in hierdie opsig vir die oorspronklike eienaars uitgehou is.

Intussen het 'n ander lastige probleem opgeduik. In die grondbrief van die plaas Grobbelaarsrivier wat op 8 Maart 1832 in ewigdurende erfpag aan Rademeyer uitgereik is, is die volgende serwituut ingeskryf: "...no irrigation shall be effected by the stream called Grobbelaars River."

Dit was eers vyftien jaar ná die uitreiking van hierdie akte en reeds 25 jaar nadat Rademeyer met behulp van 'n dwarswal en sloot water uit die Grobbelaarsrivier oor die plaas met dieselfde naam na sy aangrensende eiendom Hartebeesrivier gelei het, dat hy van hierdie beperking bewus geword het. Gevolglik sou dit die beoogde dorp heeltemal uitsluit van die gebruik van die rivier se water. Sy aansoek aan die regering dat hierdie serwituut òf opgehef òf minstens gewysig moes word, het geslaag. Op aanbeveling van siviele kommissaris Aspeling van George is die oorspronklike serwituut sodanig gewysig dat water uit die rivier wel oor die plaas Grobbelaarsrivier na Hartebeesrivier vir besproeiingsdoeleindes gelei mag word.[32]

## DORPSUITLEG

Daarmee was alle amptelike struikelblokke uit die weg geruim en het Oudtshoorn in die loop van 1848 as selfstandige dorp met ruim voorsiening vir residensiële funksies vorm aangeneem. Die straatplan soos deur Ford uitgemeet, is regstreeks deur die loop van die Grobbelaarsrivier beïnvloed, terwyl die straatblokpatroon 'n "reëlmatige roosterpatroon"[33], wat deur die rivier in twee aanlegte verdeel word, vertoon. Volgens Ford se plan was daar slegs 476 erwe. Die populêre opvatting dat aanvanklik 500 watererwe uitgemeet is, is blykbaar afkomstig van die vermelde verkoopsvoorwaardes waarin na $^1/_{500}$-deel van die water verwys word. Die getal erwe wat met die aanvanklike veiling(s) verkoop is, is ook onbekend.

Die oorspronklike erwe het van die huidige Suidstraat, dit wil sê onmiddellik noord van die perseel van die eerste kerkgebou, tot by die huidige Noordstraat gestrek. Voorts was ten noorde van laasgenoemde straat nog 22 erwe op die wesoewer, terwyl aan die oorkant 'n groot stuk grond afgegrens was met die aanduiding dat dit erwe 467 tot 476 beslaan het. Op die westelike oewer was slegs een uitgemete straat (die huidige Jan van Riebeeckweg). Aan die oorkant van die rivier is van die kerkgebou tot waar die rivier 'n rigtingverandering ondergaan, slegs een straat (die huidige Langenhovenweg) uitgemeet. Verder noordoos was daar drie strate, waarvan net een (die huidige Baron van Rheedestraat) tot by die verste noordelike punt van die dorp gestrek het.

Hierdie uitlegpatroon van die dorp het meegebring dat met die aankoms in 1855 van die eerste resident-magistraat, kolonel A.B. Armstrong, die jong nedersetting oor 'n afstand van ongeveer anderhalf myl van suid na noord versprei was. Dit sou 'n struikelblok wees vir doeltreffende dorpsadministrasie en algemene verkeer terwyl die toestand van die strate vir talle dekades daarna laasgenoemde kwessie net vererger het. Tog het die dorp tot in die tagtigerjare van die 20ste eeu hierdie basiese uitlegpatroon behou.

## 'N GROEIENDE DIENSSENTRUM

Met die totstandkoming van Oudtshoorn gedurende 1848 is die blywende grondslag van 'n sentrale dienssentrum in die gebied tussen die Swart- en Outeniekwaberge gelê. As aanvanklike "kerkplaas" het Oudtshoorn snel ontwikkel en teen die middel van die sestigerjare van die 19de eeu reeds 'n verskeidenheid residensiële, kommersiële en opvoedingsfasiliteite gebied. Trouens, vir die daaropvolgende eeu het Oudtshoorn hierdie peil van dienslewering gehandhaaf en sy hoë mate van sentralisasie behou.[34] Te midde van die toenemende ontvolking van die platteland wat gedurende hierdie tydperk sou intree, het dié dorp in die oostelike Klein-Karoo een van die weinig bestendige nie-stedelike dienssentra gebly. ■

29. W.J. DE KOCK en D.W. KRÜGER (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Kaapstad, 1972), pp.816—818; C.G. DE VILLIERS, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families II* (omgewerk, hersien en aangevul deur C. Pama, Kaapstad, 1966), pp.679—681.
Dit is te vind in die Kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad: Oudtshoorn, Algemene Plan 3432.
31. KA, C.O. 3108 Letters received from Civil Commissioners, O-P: Scholtz — Colonial Secretary, 25.5.1861. 'n Afskrif van die oorspronklike verkoopsvoorwaardes is by hierdie brief ingesluit.
32. KA, S.G. 4/28 Reference Book, George and Oudtshoorn: Aansoek van C.P. Rademeyer, 2.11.1847; S.G. 1/1/3/13 Letters received from Colonial Secretary: Montagu — Acting Surveyor General, 5.5.1848, no.58.
33. Hierdie uitdrukking is ontleen aan P.J. ROOTMAN, *Die funksies en invloedsfeer van die stedelike gebied van Oudtshoorn* (M.A., U.S., 1970), p.13.
34. Vergelyk *ibid.*